

AGRI... VAN 2018 TOT 2019

Ons pak die 2019-oes en finansiële jaar met groot opgewondenheid en baie dankbaarheid aan! Waar 2018 seker as "een van die groot droogte-jare" bekend sal staan, lyk ons huidige vooruitsigte in Dutoit Agri soveel beter en baie geseënd wanneer ons dit met 'n jaar terug vergelyk.

Ons damme het weer genoeg water om 'n normale vrugte- en groente-oes te kan hanteer. Ons het in die tyd van droogte ook weer baie geleer oor die hantering van hierdie kosbare hulpbron (water) binne ons besigheid. Die Wes-Kaap is verseker ryker na hierdie ervaring en die kuns is nou om nie weer gemaksugtig te raak nie, maar steeds hierdie kosbare hulpbron met ons beste fokus te bestuur en te bewaar. In die Oos-Kaap is ons watersituasie na die onlangse reën amper terug na normaal.

Die grootste deel van ons oesseisoen lê om die draai, maar intussen is die Bloubessie-oes in die Oos-Kaap, asook die Nektarien- en Graanoes op Swartdam, afgehandel. Die oeste behaal is meestal op, of baie naby aan begroting. "Cherry Time" het ongeveer 8 dae later as gewoonlik afgeskop en is nou in volle swang. Ons uie-oeste het ook reeds afgeskop met baie goeie drag op Platkloof terwyl al die aartappels nou ook in die grond is.

Gedurende hierdie tyd van die jaar, kyk ons ook graag terug na ander hoogtepunte en dis met groot dankbaarheid en trots dat ons baie dankie aan elk van julle wil sê vir jou bydrae tot 2018.

Ons kyk met trots terug na die herinstelling van die Dutoit Wes-Kaap Produksie Karnaval wat op Vastrap plaasgevind het. Baie dankie aan almal daar betrokke. Ons is 'n besigheid van mense en hoop almal het dit geniet. Ons hoop om in 2019 hierdie inisiatief ook verder na Dutoit Vrugte en Dutoit Groente uit te brei.

Almal wat tot hede aan die "Leadership for Life"-opleiding kon deelneem, het dit baie geniet en die uitdaging vir elke individu wat die opleiding deurloop het, is om dit ook in die werkplek en by die huis uit te leef. Ons spog ook met die volgende goeie presteerders op individuele vlak, oor wie ons terugvoer ontvang het:



Floris Steenkamp en Albert Nieuwenhuis het uitstekend gevaar in die Villa Crop Academy kursus wat gehandel het oor Gewasbeskerming op vrugte, fisiologie van plante, swamme, virusse en bakterieë. Die beheer van siektes en plaë, asook onkruidbeheer. Daar was 'n baie groot fokus op kalibrasie van spuitpompe.

Suster Madelein Bauer (Kromfontein/Lindeshof/Tandfontein/Sneeuwkop klinieke) het haar B.Tech Occupational Health Nursing aan CPUT met lof geslaag.

Uitgawe 32

In hierdie uitgawe	Bl
Agri... Van 2018 tot 2019	1 - 2
Dienstoekeennings	2 - 3
Diensbaarheid vra aksie	4 - 5
Gesondheidswerker Uitstappie	5 - 6

Afdelingsnuus:

Paardekloof	6
Crispy Farming	7
Healthnutz	7
Loopbaandag	8
Kromfontein	8
Lindeshof	9
Oos-Kaap	9 - 10
Dutoit Vrugte	10
Tegnies	10

Algemeen:

Personeelbewegings	11
The Man who missed Christmas	12

MISSIE

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubaar winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

VISIE

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika.

KERNWAARDES

Betroubaarheid
Lojaliteit
Ordelikheid
Menswaardigheid



Inga Dlumane van Nootgedacht het vanjaar sy B.Tech by CPUT suksesvol afgehandel en het ook die Toekenning vir Uitnemendheid van CPUT ontvang.

Suviyle Panda van Kromfontein het 'n merietetoekenning van die Sagtevrugte Raad ontvang vir Algemene Landbouwerker van die Jaar.

Lihle (Choppa) Fetile het sy Nasionale Diploma in Landbouproduksie by CPUT ontvang na voltooiing van sy verpligte internskapsjaar op Nootgedacht.

Charlolin Lindoor (Damplaas) het in 2018 haar Nasionale Diploma deur die Klein Karoo Bronne sentrum voltooi. Sy het as 'n seisoenwerker begin werk en deurgedruk tot sy hierdie mylpaal behaal het waar sy nou 'n gekwalifiseerde Graad R onderwyseres is.

Met so baie mooi stories en positiewe vooruitsigte vir 2019, kan ons nie anders as om erkenning te gee aan ons Hemelse Vader nie. Dis Hy wat ons elke dag die genade en voorreg skenk om so in die natuur te kan werk en woon.

Nogmaals baie dankie aan elkeen van die Dutoit-spanlede wat so hard werk om ons boot vinniger en beter te maak. Mag 2019 vir elk van julle, jul vriende en familie ook 'n geseënde jaar wees.

Groete en 'n Geseënde Kersfees !

WILLEM

DienstoeKENNINGS

Omdat Dutoit se mense as 'n belangrike bate beskou word, is dit ook vir ons belangrik om erkenning te verleen aan mense wat 10 jaar en langer vir die Maatskappy werk. In hierdie uitgawe fokus ons op die Dutoit Oos-Kaap se dienstoeKENNINGS.

10 JAAR :



Brugplaas : V.I.n.r.: Kangelisile Qaweshu, Sonwabo Gomba, Eric Tase, Felicity Jansen, Zelna Leventhal en Bestuurder Stefaans Vosloo.

Damplaas: Karel Berries en Bestuurder Hansie Britz.

Helderwater: Maria Ruiters en Bestuurder Kobus Havenga.



1. Koukamma Fruit Packers (Links)

V.l.n.r.: Agter: Marshall Salmons, Llenelyn Bambie, Johannes Saulse, Andrew Rondganger en Bestuurder Giel Vos.

Voor: Lucretia Faku, Elna Pietersen, Haneke Rossouw, Margaret Mtwa, Trein Abrahams, Susanna Palmer, Fransina Carolus, Cynthia Rademeyer, Johanna Booysen en Elsie Blouw.

2. Joubertina Pakstoor (Regs)

Van links: Nompumezo Kwatsha, Mzwandile Nqinka, Michael Jonas, Mary-Joan Davids, Diale Rossouw, Martinus Klaas, Johannes Erasmus, Mandisa Mhaga, Xolani Herman, Martina Fisanie, Shahieda Sluiters. Bestuurder agter: Karl Laux.

Voor: Pieter Japhta.



1. Louterwater Werkswinkel: Frederick Uithaler en Bestuurder Gert Mostert.

2. Misgund Pakstoor: **V.l.n.r.:** Sussanna Booysen, Junet van Wyk, Desiree Abrahams, Charlene Abrahams, Johanna Williams, Coceka Boesak en Bestuurder Jannie van Jaarsveld.

3. Die Nek: Olivia Titus en Bestuurder Johan Kritzinger.



Waboom : Edward Frans en Bestuurder Jaco Nieuwenhuis. (Heel links)

Aftredes: (Middel en regs):

1. **Misgund Oos Kleinboere:** Ben Fana en Bestuurder Jenniville Uithaler.

2. **Brugplaas:** Funeka Jafta en Bestuurder Stefaans Vosloo.



Dutoit Oos-Kaap Bestuur afgeneem tydens die dienstoekenningfunksie.

DIENSBAARHEID VRA AKSIE!

2018 was 'n jaar waarin daar 'n uitdaging vir die Dutoit Gesondheidswerkers gestel is. Die waardesprojek, wat hoofsaaklik deur gesondheidswerkers, maar ook deur enkele GOB-lede of ander benoemde persone bygewoon word, het vanjaar gefokus op die waarde van DIENSBAARHEID. Ons het van almal wat die projek maandeliks bywoon, verwag om verskeie projekte van eie keuse aan te pak.

Eerstens het ons die Wêreldgesondheidsorganisasie se "Health Awareness Calendar" as uitgangspunt geneem en verskeie bewusmakingsprogramme aangebied. Elkeen moes ook twee ander projekte (of een deurlopende projek) aanpak waar hulle 'n spesifieke teikengroep betrek. Ons het ook in elke uitgawe van Rondonnuus vanjaar terugvoer gegee oor die aksies wat geloods was.

Lindeshof se gesondheidswerkers, Sarah Jiemies en Jo-Ann Pienaar, was baie aktief en het die volgende aksies deur die loop van die jaar aangepak:

Maartmaand: Wêreld TB dag, waar gefokus is op die simptome, tekens, oorsake en behandeling van TB. **Aprilmaand:** "Healthy Granny's" dag. Bejaardes van Lindeshof is genooi en verskeie sprekers het die dag meegemaak. **Julie:** Mandela-dag. Gesondheidswerkers en bewaarskoolpersoneel het 'n Operasie Skoonmaak gehou en kinders is opgevoed oor die herwinning en skeiding van vullis. In **September** het hulle Suster Klein van die mobiele kliniek genooi vir 'n afsluiting aangesien sy weggegaan het. Daardie dag is verskeie pap-smere en bloeddrukke geneem en kroniese medikasie uitgedeel. In **Oktobermaand** het hulle 'n "etiket" projek gehou met die bewaarskoolkinders. Ses Volwas-senes, 42 kinders en die Badisa maatskaplike werker het verskeie speletjies gespeel en oor die pilare van karaktervorming gepraat. In **Desember** het hulle op Wêreld Vigsdag 'n groot HIV-bewuswordingsaksie geloods en die onderskeie spanne het die kliniek besoek vir meer inligting.



Kromfontein se spannetjie, June Jantjies en Anna Khontsiwe het 'n deurlopende projek gehad om op gereelde basis hulle bejaardes te besoek en versorgingsaksies uit te voer. Hulle het ook op Wêreld TB-dag al die afdelings op die Landgoed te besoek en inligting deur te gee.

Paardekloof se werkers, Sophie de Bruin en Victoria Mbandayazo, was vir 'n groot deel van die jaar besig met hul ander pligte op die landgoed en kon eers na die oestyd betrokke raak. Hulle het bystand aan die bewaarskool verleen ten opsigte van die Bewaarskolesportdag wat vir die Koue Bokkeveld bewaarskole gereël is deur die KBV Bewaarskolevereniging. Hulle het ook gereël dat sokkies vir laerskoolkinders uitgedeel word en CWDM versoek vir skryf-behoefte vir kinders wat hoërskool toe gaan. Sophie was ook die breinkrag agter hulle

afsluitingsfunksie, waarvoor elders in die Rondonnuus berig word.

Op **Vastrap** het die GOB, Anna Nel en gesondheidswerker, Rochelle de Klerk, nou saamgewerk. Hulle het 'n bederfdag vir bejaardes gereël waartydens hulle 'n eetdingetjie ontvang het en hulle hande en naels versorg is. Rochelle het ook haar tydjie by die nasorg benut om allerlei handewerk (kunsvlyt) aan leerders te leer. Daar was ook 'n omgewingskoonmaakdag vir bewaarskoolkinders.



Op **Nooitgedacht** was Adrieëta Ambraal vir 'n deel van die jaar op kraamverlof, maar die tyd wat sy aan diens was, is benut om 'n kultuurdag by die bewaarskool te hou en om met swanger vroue oor Fetale Alkohol Sindroom te praat. Sy woon op Prince Alfred Hamlet en het ook daar 53 vroue uit haar gemeenskap betrek om oor hul verantwoordelikheid teenoor hul ongebore babas te praat. Sy het ook 'n informele nasorggroepie begin, waartydens sy met die kinders speletjies gespeel het. Nooitgedacht het nog nie 'n nasorgsentrum nie.



Op **Sneeuwkop** het Florence Hlomela Menseregte dag benut om die plaasmense toe te lig oor die betekenis van die dag en die Sharpeville-gebeure. Op Mandeladag het sy gereël dat sy en 'n paar werkers die bejaardes op die plaas se tuine gaan netjies maak.

Op **Tandfontein** het Cynthi Kuvido die bewaarskool besoek en die kinders geleer oor die belangrikheid van handigiëne. Sy het hulle ook op jaareinde na die Spur toe gevat. Sy was ook betrokke by die bejaardes.



Ook **Crispy Farming** se werkers was diensbaar. Shernay Nell het op Vreeland inligtingsdae gehou oor hipertensie en diabetes, waartydens die gevare van te veel sout uitgewys is. Sy het TB-pasiënte besoek en gepraat oor die belangrikheid van gereelde medikasiegebruik. Sy was oor die algemeen betrokke by Vreeland se kinderklub en het saam met hulle die dienssentrum in Lyellstraat besoek as deel van die KBOS-inisiatief. Norsa is ook uitgenooi om HIV-bewussyn en toeligtig te gee. Sarie Franse werk ook in die Coshla bewaarskool en is ook betrokke by die kinderklub. Die APD is genooi om 'n poppekas aan te bied, waartydens op die gevare van drank en dwelms gefokus is; daar is 'n entrepreneursdag gehou, die terrein is skoongemaak.

Marelize van der Merwe by **Dutoit Vrugte** het ook tydens wêreld TB-dag ingezoem op TB en later in die jaar is borsondersoek gereël.

Aletta Titus by **Dutoit Groente** was 'n groot deel van die jaar met kraamverlof, maar het die tema van menseregte teenoor menseverantwoordelikhede gebruik om met Dutoit Groente werknemers hieroor te praat. Sy het ook gereelde gesprekke met jongmense in haar gemeenskap om hulle te ondersteun en te bemoedig.

Hiermee wil ek die groepie asook ons Susters, Madelein Bauer, Rika Adams en Penni Nel hartlik bedank vir al hulle insette en harde werk deur die jaar om ook van diensbaarheid 'n lewensgewoonte te maak.



Mariette le Roux

Ook die Oos-Kaap het Wêreld Vigsdag gedenk:



Links bo is Gesondheidswerker Hendrina August (agter) en Beauty Jafta (Kantoordame) tydens aanbieding. Damplaas het op 30 November 2018 'n HIV-bewuswordingsdag gehou. Die fokus van die dag was om die werkers meer inligting te gee i.v.m. die oordrag van HIV, die voorkoming van HIV en die noodsaaklikheid om jou status te weet. Demonstrasies is aan die werkers gelewer oor hoe om kondome korrek te gebruik. 'n Minuut se stilte was gegee ter naagedagtes aan vriende of familie wat a.g.v. die siekte gesterf het.

Die Oos-Kaap se gesondheidswerkers **beplan groot dinge vir 2019** onder leiding van George Bokkies: 'n Maandelikse waardesdag met insette deur die suster en 'n maatskaplike werker; 'n Geestelike Vrouedag; Mnr en Mev Ambassadeur; Bejaarde Bederfdag; Kleuterskool Prettdag; Gesondheidspretdag en 'n Netballiga vir Plaas- en Pakstoorwerkers. Ons sien daarna uit om in 2019 meer daarvan te lees.

GESONDHEIDSWERKER UITSTAPPIE

Op Dinsdag, 4 Desember 2018 vertrek 'n opgewonde groep Gesondheidswerkers op 'n uitstappie na Toevlug en Bon Courage.

Ons eerste stop is by die Toevlug Rehabilitasiesentrum in Worcester. Hier word ons ontvang en begelei deur Mev. Ilze Duvenhage. Die inligting wat ons hier ontvang het, is van onskatbare waarde en 'n regte "eye opener". Die rehabilitasieprogram is gebaseer op wêreldwye navorsing. Die program strek oor 5 weke met 'n 8 en 'n half uur program wat elke dag intensief gevolg word. Die sentrum se prioriteit is die individu.

Hulle strewende daarna om jou denkwysse te verander. As jy van 'n middel afhanklik is, oorheers jou plesierbrein jou denkbrein. Jy moet bewustelik aanleer om jou denkbrein optimaal te gebruik en jou plesierbrein te onderdruk. Die program is só saamgestel dat mense nie te lank vanuit hulle gesinne en gemeenskappe weggeneem word nie.

Die fasiliteit is baie goed toegerus met 'n laboratorium en ± 40 opgeleide mediese personeel om die pasiënte se behoeftes onmiddellik aan te spreek. Die sentrum het reëls, maar kan niemand verplig om daarby te hou nie. Hulle kan jou motiveer en aanmoedig, maar kan jou nie dwing nie. Hulle het 24 uur per dag personeel beskikbaar vir hulle +- 55-60 volwasse en 15 jeugdige pasiënte.

Die aanbeveling van die hoof van die sentrum, Mev. Theresa Rossouw, is dat afhanklikes hulle eers in hulle omgewing moet probeer rehabiliteer. Dit is na daardie omstandighede toe wat hulle weer moet terugkeer. Jou gesin moet jou sterkste ondersteuners wees.

Hoe weet jy wanneer jy 'n probleem met drankverslawing het? Antwoord eerlik op die volgende 4 vrae:

- C – Cut Down -** Het iemand jou al ooit gevra om minder te drink?
- A – Annoyed -** Het jy al mense verveel of geïrriteer as jy gedrink is?
- G – Guilty -** Het jy al ooit skuldig gevoel oor iets wat jy onder die invloed gedoen het?
- E – Eye Opener -** Was jou eerste gedagte nadat jy jou oë oopgemaak het, al ooit “EK moet nou eers 'n regmakertjie kry?”

Indien jy op enige van die 4 vrae ja antwoord, het jy 'n probleem.

Hulle akkommodeer volwassenes sowel as kinders. Daar word elke week nuwe volwasse pasiënte ingeneem, daarom het hulle so baie maatskaplike werkers. Die jeug word in groepe gerehabiliteer. Die sentrum help ook net seuns en hulle word ten volle deur die staat gesubsidieer/gefinansier. Meisies word na ander sentrums vir rehabilitasie gestuur.

Die sentrum aanvaar geen verrassingsbesoeke nie. Alle besoekers moet vooraf vir toelating bespreek. Daar word ook nie somer enige een toegelaat nie. Streng keuringsprosesse word gevolg.

In die algemeen word aanvaar dat rook- en snuifverslawing die gevaarlikste is. Dit is veral as 'n mens in ag neem dat baie sterre al dood is aan oordosis dwelms. As dit by onttrekking kom, is alkohol, wat vrylik beskikbaar is egter die gevaarlikste. Jy kan doodgaan van alkoholonttrekking, maar nie van ander middel onttrekking nie.

Na ons besoek aan Toevlug is ons na Bon Courage, 'n wynplaas in Robertson distrik, waar ons heerlik geëet en wyn geproe het. Bon Courage is 'n baie pragtige landgoed. Hulle hoofgeboue dateer uit 1818 en 1923. Hulle het 'n ondergrondse wynkelder waarin bottels en bottels wyn lê. Die oudste wyn wat op die oomblik nou daar is, is in 2013 gevat. Hulle was besig met die laaste bottelering van 2012 se

wyn voor hulle vir verlof sluit. Om wyn te maak, is 'n kuns op sy eie. Hoe ouer die wyn is, hoe sagter is die smaak. Die kortste tyd wat enige wyn moet lê, is 20 maande. **Net weer 'n les, niks wat die moeite werd is gebeur gou nie, alles vat tyd.**

Dit was baie lekker by Bon Courage, maar die inligting wat ons by die sentrum ontvang het, was die waardevolste. Baie dankie aan elke Landgoedbestuurder wat ons gesondheidswerkers die geleentheid gebied het om op hierdie uitstappie te gaan. Opregte waardering aan Mnr. Havenga wat die uitstappie moontlik gemaak het en mnr Gys du Toit wat Kromfontein se bussie en drywer beskikbaar gestel het. Dit was voorwaar die moeite werd.

Sophie de Bruin



AFDELINGSNUUS

PAARDEKLOOF



Carel Cronje (*Paardekloof Landgoedbestuurder*), is in September 2018 verkies as die Voorsitter van die Ceres Witzenberg Landbouvereniging.

Die Witzenberg Landbouvereniging is 'n lid van Agri Wes-Kaap en 'n georganiseerde landbouplatform, waar lede in die area die geleentheid kry om op 'n kwartaalike basis saam te kom; om punte in die landbousektor te bespreek. Onder die landbouvereniging ressorteer ook belangrike aksies soos die Witzenberg Ontwikkelingsmaatskappy en die Ceres Witzenberg Brandbeskermingsvereniging.

Ons wil graag vir Carel (middel) baie geluk en sterkte toewens met sy taak as die nuwe voorsitter. By hom staan (links) Hannes Hanekom, uittredende voorsitter en (regs) Jonathan Gibson, ondervoorsitter.

CRISPY FARMING

Saterdag 3 November was die Wes-Kaapse Prestige Landbou Toekenningsaand, gehou by Nederburg in die Paarl. Crispy Farming is ongelooflik trots op Karin November wat as die Wes-Kaapse wenner: Administratiewe Personeel, aangewys is. Karin is werksaam by Crispy se werkwinkel te Klein Pruijs, waar sy as 'n dame haar goed laat geld, in 'n "manne"-wêreld! Karin is die afgelope 5 jaar deel van die Crispy-span. Sy het as Spanleier vir Jongbome begin en in 2015 word sy aangestel as Administratiewe Klerk by die werkwinkel. In Karin se eie woorde: "My God is 'n God van nuwe dinge..."



HEALTHNUTZ IN DIE BOKKEVELD



Healthnutz in die Koue Bokkeveld

Suid-Afrika se jong kinders spandeer heeltemal te veel tyd in sittende aktiwiteite, of soos dit in Engels genoem word: Sedentary Behaviour. Die Sport Science Institute of South Africa (SSISA) het al sedert 1997 'n projek in plek onder kinders van die ouderdom vier tot nege om hierdie sittende gedrag te werk.

Healthnutz, 'n bewegings- en gesondheidsprogram vir kinders in die grondslagfase, bestaan uit geteikende oefen- en fisiese aktiwiteite wat kinders groot motoriese vaardighede leer deur pret.

Die program word al geruime tyd met goeie vrug in die stedelike gebiede rondom Kaapstad en Oos-Londen aangebied en vanaf die vierde kwartaal van 2018 in die Koue Bokkeveld.

Slegs vier geografiese punte is vir die proeflopie van Healthnutz in dié streek gekies en beide Kromfontein en Lindeshof se bewaarskole is in hierdie eerste groep ingesluit. Só ook Kromlin Laerskool wat op dié twee plase geleë is.

Deel van die program behels teoretiese opleiding vir enige leerkrag wat die program vir die kinders sou aanbied. SSISA (as deel van hul sosiale verantwoordelikheid) skenk die inhoud van die aanlynopleiding gratis. Dit is video-gebaseerd en deur SSISA se biokinetics en wetenskaplikes ontwikkel.

Verskeie van Babel-en-Krabbel en Mina Moo bewaarskole se personeel het die opleiding voltooi en het daarna ook praktiese opleiding op die plase ontvang toe SSISA se personeel die streek besoek het.

Healthnutz gebruik kort 20-minute sessies (waarvan 'n minimum van twee sessies per week aangebied moet word vir die beste resultate) wat uiteengesit word in die handleiding en ook gekoppel is aan die CAPS temas vir die grondslagfase. CAPS is die Kurrikulum- en Assesseringsbeleid Verklaring van die onderwysdepartement.

'n Krat toerusting, spesiaal gekoppel aan die oefeninge in die handleiding, word ook voorsien. 'n Krat met toerusting beloop ongeveer R3 000.

Die terugvoer wat reeds van die personeel ontvang is, is dat die oefeninge pret is en die kinders dit baie geniet. Die opleiding was waardevol en bied beslis die vaardighede en toerusting om die kinders in ons bewaarskole beter toe te rus vir die toekoms.

In die dele waar die projek al vir 'n langer tydperk aangebied word, is goeie resultate opgemerk in kinders se kognitiewe ontwikkeling en ook hulle aandagspan wanneer ander werkies in die klas-opset gedoen word.

Uiteindelik, met 'n vennoot soos SSISA en ook hulle befondsing-ondersteuners soos Laureus Sport for Good Foundation, bied dié projek baie geleenthede vir ons personeel en ons kinders.

As enige van die ander Dutoit Agri-plase in die projek belangstel, kan hulle gerus die koördineerder van die projek in die Koue Bokkeveld, Jeanette Clark, kontak by jhc-consultancy@gmail.com of op 082 828 0994.

We do not stop exercising because we grow old - we grow old because we stop exercising.

Kenneth Cooper



LOOPBAANDAG

Op 17 Oktober 2018 is daar 'n loopbaandag vir Graad 9 leerders aangebied deur die WKOD. Verskeie tersiêre instansies en instansies soos AgriSeta, PWC, Korrektiewe Dienste, die SAPD asook Dutoit Agri het aan die uitstalling deelgeneem. Die fokus van ons uitstalling was dat daar 'n wye verskeidenheid beroepe is wat binne 'n Maatskappy soos Dutoit Agri aangebied word. Vir sommige beroepe kan 'n leerder direk na matriek begin werk en vir ander is tersiêre opleiding nodig.

Die loopbaandag is goed ondersteun deur al die skole in die omgewing en daar was 'n lewendige belangstelling in Dutoit Agri as werkverskaffer. Op die foto links is Mariette le Roux en Dian van der Westhuizen besig om aan leerders leiding te gee.

KROMFONTEIN

Opleiding: Kromfontein is die Landgoed wat tydens die Witzenberg Prestige Landboutoekenning die prys gewen het vir die bes presterende plaas as gevolg van hulle volgehoue opleiding op verskeie terreine (Kyk vorige Rondomnuus). Hulle fokus is nie net op opleiding vir werknemers se loopbaanontwikkeling nie, maar lê ook baie klem op die sagte vaardighede. Hulle vertel verder:

Ons het hierdie jaar omtrent hard gewerk aan 'n klomp vaardighede op Kromfontein! Nie noodwendig die soort waaraan meeste mense dink wanneer hulle gedagtes na opleiding gaan nie..... Ons kan dit seker harts- en lewensvaardighede noem.

Ons het hierdie jaar 2 groepe gehad wat deelgeneem het aan die Fruitful Families-program – hierdie program word bygewoon in paartjies. Die **1e jaars** het gefokus op hul verhouding met hulself, hoe elkeen oor homself dink, en hoe om te werk aan die 'ware' ek, nie die 'ek' wat ander mense wil hê ons moet wees nie. Dit het ook ingesluit onderwerpe soos persoonlike groei, hantering van gevoelens van minderwaardigheid, probleemhantering, ons invloed op ander, en sommer ook daardie kwaadword-gevoelens wat soms so ongemaklik uit ons harte (en monde!!) spring. Ons kan kies hoe die storie van ons lewens lyk, die 1e jaar het juis daarvoor gehandel. Ook het ons na God se ontwerp van die huwelik gekyk, gesels oor ons liefdestale en mekaar ook diep in die oë gekyk om 'n paar ongemaklike onderwerpe deur te trap. Die **2e jaars** groep het ouerskap behandel, en sommer 'n nuwe perspektief op 'n hele paar onderwerpe gekry, VERAL dissipline!! Daar is gesels oor temperament, die dinge in my huis wat die groei van my kind beïnvloed – die goeie en die slegte, hoe belangrik familietyd is en nog 'n handvol ander onderwerpe.

Selfontdekking was die ander kursus waarin ons belê het. 4 groepe is onderskeidelik ingeskryf vir die 1e, 2e, 3e en 4e jaar daarvan – altesaam 53 studente. Selfontdekking spreek 'n klomp kwessies aan wat ons nodig het om oor te dink in onself. Verseker nie altyd 'n maklike pad nie, maar aangesien ons vir KANNIE begrawe het, met kruis, blomme, graffie en al, WEET ons dat ons tot enige iets in staat is deur Hom wat ons krag gee.

Daar was altesaam 17 studente ingeskryf vir Fruitful Families 1; 18 vir Fruitful Families 2, 9 vir Selfontdekking 1, 12 vir Selfontdekking 2, 18 vir Selfontdekking 3 en 14 vir Selfontdekking 4.

Chrisna du Toit / Kotie Pieters, fasiliteerder van die opleiding.

Kromfontein Bewaarskool en Nasorgsentrum het op 30 November hulle jaarlikse konsert gehou. Die produksie van die aand was Aspoestertjie. Die kinders sowel as die ouers was baie opgewonde en het dit baie geniet. Die hoogtepunt van die aand was die model deur die dogtertjies en die spiëre wys van die seuns. Alhoewel daar 'n kragonderbreking was, het die aand in volle glorie aangegaan en was dit 'n groot sukses. Baie dankie aan almal wat betrokke was met die reëlings om die aand moontlik te maak.

June Jantjies en Sandra Galant



LINDESHOF

Dikezia Pieters het in 2017 haar internskap en in 2018 haar werkplekervaring by Mina Moo Bewaarskool en Nasorg sentrum Lindeshof gedoen. Dikezia was ook hierdie jaar ingeskryf vir die ASSITEJ SA Creative Arts Training Programme for After School Practitioners. Net 2 persone in die Bokkeveld het plek vir die jaar gekry: Dikezia en Elzaan van De Keur. Daar was altesaam 60 nasorgsentrums/bewaarskole in die Wes-Kaap wat vir deelname aan die program gekies is.

Dikezia moes 'n toneelgroepie op die been bring. Die toneel moes iets uit die plaaslike kultuur uitbeeld en sy moes die gemeenskap betrek. Hulle het toe besluit om iets oor boelie en groepsdruk op te voer. Daar is kursusse deurloop oor hoe om 'n toneelstuk van die grond af te kry en vir die doel was sy 'n keer of wat vir 3-dag kursusse in die Kaap.

Dikezia se toneelstuk is toe een van 10 skole wat na beoordeling hier op Lindeshof gekies is om op te tree by die Baxter Theatre in Kaapstad. Ons is baie trots op hulle dat hulle so ver gevorderd het, veral aangesien die ander wat deurgedring het meestal van die Kaap was en meer en deurlopende leiding en hulp daar ontvang het as Dikezia-hulle wat hier in die platteland is.

Die kinders moes 'n dag uit die skool wees want hulle moes al die Vrydag in die Kaap wees vir "Rehearsal en final placements at Baxter Theatre." Adam het die kinders en vir Dikezia met die Quantum vervoer na Kaapstad en hulle moes daar oorslaap. Die opvoering was op 27 Oktober 2018. Dit was 'n ongelooflike ervaring en leerproses vir Dikezia en die kinders.

Zelna Rossouw



OOS-KAAP



Oos-Kaap het Basedag op 17 Oktober langs die rivier naby The Belfry gevier (Bo). Hulle het ook op 21 September Bandanadag ondersteun (Regs).



Oos-Kaap vestig klinieke

Die kliniekdienste in die Oos-Kaap het die afgelope kwartaal in 5 van die 7 beplande klinieke geopen.

1. Misgund pakstoor kliniek sal Damplaas en Die Nek bedien (Foto links)
2. Louterwater kliniek sal Brugplaas, Klipdrift, Helderwater en die werkswinkel bedien.
3. Joubertina pakstoor sal die stoor se mense bedien.
4. Koukamma stoor sal Tweeriviere en die stoor bedien.
5. Nuweplaas het sy eie kliniek.



Twee klinieke wat in die Januarie gereed sal wees, is JGS koelkamer kliniek en Milau se kliniek.



DUTOIT VRUGTE



Misgund Pakstoor en Damplaas het as 'n span die pad tussen Misgund Pakstoor en Damplaas geteer. Dit sal 'n groot bydrae tot oesbeskerming vir 2019 lewer en die geloof is dat die tyd en geld wat in hierdie projek gesit is, teruggeploeg sal word in die besigheid.

Edrich Botha van Dutoit Vrugte is in September aangewys as die Vitrax Kragverbruiker van die Jaar as gevolg van sy analitiese vermoëns en insette. 'n Beskeie Edrich sê hieroor dat hy dit geniet om probleme op te los en kliënte se vereistes na te kom deur die Vitrax sisteem daarvolgens in te stel. "Aan die einde van die dag is die eindresultaat 'n spanpoging."

Ernst du Toit, IT-Bestuurder is nie verbaas oor hierdie toekennings nie. "Edrich is toegewyd en hoogs gemotiveerd en het 'n goeie aanvoeling vir produksie. Hy identifiseer uitdagings en struikelblokke gemaklik en kom dan na vore met moontlike oplossings. Die deurslaggewende faktor in sy sukses is die vermoë om praktyk en teorie met mekaar te versoen."

Edrich is 'n gekwalifiseerde Bedryfsingenieur en het in November 2015 by Dutoit Agri aangesluit. Hy is in November 2017 tot Stelselontwikkelaar bevorder.

(Uit "Bytes", FarSoft se koerant)

TEGNIES

Die Tegniese Departement se hooffokus is om ondersteuning te bied en tegniese leiding te gee aan die produksiespan. Ons doen dit deur ondersoek in te stel na praktyke wat kan bydra tot verhoogde en/of verbeterde produksie, asook om bewese praktyke vanuit die industrie op die plase te implementeer. Die afgelope jaar het lede van ons span in die buiteland gaan reis om ook buitelandse inligting te kry. Willie Kotze het na Turkye gereis, om inligting te kry ook plantgroeireguleerders. Tanith Freeman en Erik Conradie het in Italië en Spanje gaan kyk na Kersie- en Appelproduksiepraktyke. Tanith het gesprekke gehad oor nuwe kultivars. Linde du Toit en Piet Bosman het Chili besoek om hulle Kersie- en appelproduksiepraktyke te gaan ondersoek. Bekker Wessels het kliënte in Duitsland en Nederland besoek om seker te maak dat ons vrugte voldoen aan die vereistes van die kliënte in daardie markte. Daar word beplan dat hy volgende jaar 'n besoek sal aflê om seker te maak dat alle vereistes van die VK-programme nagekom word.

Ons is baie opgewonde oor die nuwe ontwikkeling en vooruitgang in die bedryf. Daar is positiewe ondersteuning en resultate met die gebruik van "drape" nette, daar word gekyk na hommeltuigtegnologie, besproeiingskedulering word verbeter en ons sien uit na die evaluering en implementering van presisieboerdery.

Die span is onlangs uitgebrei om meer dissiplines te dek. Die afgelope jaar het vier nuwe kollegas by ons Tegniese span aangesluit. Rudolph Cronje, Neil de Wet, Sizzie Dinwa en Piet Bosman.



V.L.N.R: Johan Cronje (Landboukundige: Groente), Linde du Toit (Direkteur: Tegniese Departement), Martienet Uys (Voedselveiligheid), Adriaan Theron (Na-oes Tegnoloog), Willie Kotze (Tegnies: Kernvrugte), Tanith Freeman (Produkontwikkelingsbestuurder), Piet Bosman (Tegnies: Nektariens en Kersies), Siziphiwe Dinwa (Spesiale Projekte: Landboukundige: Vrugte), Rudolph Cronje (Tegnies Steenvrugte), Neil de Wet (Landgoed-kwaliteitskontrole en Besproeiingskedulering).

Adriaan Theron het op 31/12/2017 verloof geraak en trou in 2019.

Willie en Runei Kotze se eersteling, Magnus, is op 22/10/2018 gebore.

PERSONEEL BEWEGINGS



Aanstellings: Karien Basset as Kernvrugbemarker (1 November). Inga Dlumane is bevorder tot Produksie-Assistent op Nooitgedacht (1 November). Die volgende persone het op 1 Desember begin: Bruwer van Zyl as internskapstudent op Kromfontein. Sizophiwe Dinwa as Landboukundige in die Tegniese Departement. Jannie Gagiano as 'n internskapstudent op Skaapkraal. Jan Mostert as 'n internskapstudent op Bokkenfontein.

Vanaf 1 Januarie 2019: Phillip Mans is aangestel as Produkbestuurder vir UPOT. Ig Terblanche as Verkoopsbestuurder vir UPOT.



Hiermee wens ons al die Dutoit Agri werknemers 'n geseënde Kerstyd toe. Mag ons dit vier in die gees van 'n Christus wat ons kom leer het van nederigheid, diensbaarheid, vrede, liefde en opregtheid. Mag dit ons batterye herlaai vir die uitdagings van 2019.



Redaktrise: Runei Kotze. Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na runeik@dutoit.com Telefoonnommer 023 312 1071.

Korrespondente in afdelings: Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Margot Rossouw. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nooitgedacht: Mabru Marais. Paardekloof: Lenchen Visser. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: Carmé Steyn. Swartdam: Karin Malan. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Karin November. SeasonFresh: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.

Redaksionele beleid: Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die ooreweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.

Bly altyd op hoogte van die nuutste Dutoit Agri nuus: www.dutoitagri.co.za / FB: @DutoitAgri / Instagram: @Dutoit_Agri | 1



The Man Who Missed Christmas by J. Edgar Park

It was Christmas Eve; and, as usual, George Mason was the last to leave the office. He walked over to a massive safe, spun the dials, swung the heavy door open. Making sure the door would not close behind him, he stepped inside. A square of white cardboard was taped just above the topmost row of strongboxes. On the card a few words were written. George Mason stared at those words, remembering.....

Exactly one year ago he had entered this self-same vault. And then, behind his back, slowly, noiselessly, the ponderous door swung shut. He was trapped - entombed in the sudden and terrifying dark. He hurled himself at the unyielding door, his hoarse cry sounding like an explosion.

Through his mind flashed all the stories he had heard of men found suffocated in time vaults. No clock controlled this mechanism; the safe would remain locked until it was opened from the outside. Tomorrow morning. Then realization hit him. No one would come tomorrow - tomorrow was Christmas.

Once more he flung himself at the door, shouting wildly, until he sank on his knees exhausted. Silence came, high-pitched, singing silence that seemed deafening. More than thirty-six hours would pass before anyone came—thirty-six hours in a steel box three feet wide, eight feet long, seven feet high.

Would the oxygen last? Perspiring and breathing heavily, he felt his way around the floor. Then, in the far right-hand corner, just above the floor, he found a small circular opening. Quickly he thrust his finger into it and felt, faint but unmistakable, a cool current of air. The tension release was so sudden that he burst into tears.

But at last he sat up. Surely he would not have to stay trapped for the full thirty-six hours. Somebody would miss him. But who? He was unmarried and lived alone. The maid who cleaned his apartment was just a servant; he had always treated her as such. He had been invited to spend Christmas Eve with his brother's family; but the children got on his nerves and expected presents. A friend had asked him to go to a home for elderly people on Christmas Day and play the piano - George Mason was a good musician. But he had made some excuse or other; he had intended to sit at home, listening to some new recordings he was giving himself.

George Mason dug his nails into the palms of his hands until the pain balanced the misery in his mind. Nobody would come and let him out, nobody, nobody, nobody... Miserably the whole of Christmas Day went by, and the succeeding night. On the morning after Christmas the head clerk came into the office at the usual time, opened the safe, then went on into his private office.

No one saw George Mason stagger out into the corridor, run to the water cooler, and drink great gulps of water. No one paid any attention to him as he left and took a taxi home. Then he shaved, changed his wrinkled clothes, ate breakfast and returned to his office where his employees greeted him casually.

That day he met several acquaintances and talked to his own brother. Grimly, the truth closed in on George Mason. He had vanished from human society during the great festival of brotherhood; no one had missed him at all.

Reluctantly, George Mason began to think about the true meaning of Christmas. Was it possible that he had been blind all these years with selfishness, indifference, pride? Was not giving, after all, the essence of Christmas because it marked the time God gave His son to the world? All through the year that followed, with little hesitant deeds of kindness, with small, unnoticed acts of unselfishness, George Mason tried to prepare himself....

Now, once more, it was Christmas Eve. Slowly he backed out of the safe, closed it. He touched its grim steel face lightly, almost affectionately, and left the office. There he goes now in his black overcoat and hat, the same George Mason as a year ago.



Or it is? He walks a few blocks, then flags a taxi, anxious not to be late. His nephews are expecting him to help them trim the tree. Afterwards, he is taking his brother and his sister-in-law to a Christmas play. Why is he so happy? Why does this jostling against others, laden as he is with bundles, exhilarate and delight him?

Perhaps the card has something to do with it, the card he taped inside his office safe last New Years' Day. On the card is written, in George Mason's own hand: "**To love people, to be indispensable somewhere, that is the purpose of life. That is the secret of happiness.**"

